Januarie 2025 1/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad



# Die Fontein

Nuwe jaar - Nuwe geleenthede!

Is my Nuwejaarsvoornemens volhoubaar?

Span jou in!

Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

Januarie 2025



| | |
|---|---|
| Redaksioneel | **01** |
| Geestelike groei | **02** |
| Gemeente-gebeure | **09** |
| Kinderhoekie | **16** |
| Briewekolom | **20** |
| Snuffelfontein | **23** |
| Blokadvertensies | **24** |


## Gebed vir die maand

**"Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom"**
**Psalm 90: 12 (1983 vertaling)**

Here, leer ons om elke dag voluit te leef volgens U wil.
Help ons om ons tyd met wysheid te gebruik
en U plan vir ons lewens te verstaan.
Lei ons op die pad van insig en waarheid,
sodat ons U eer in alles wat ons doen.

Amen.



# Uit die Redakteur se Pen

Die nuwe jaar 2025 is hier! Wie van julle het ook die laaste minute van 2024 afgetel om vir mekaar 'n voorspoedige nuwe jaar toe te kan wens? Baie van ons is opgewonde oor die nuwe jaar. Baie van ons neem ons nuwe dinge voor vir die jaar wat voorlê. Vir sommiges is daar uitdagings wat voorlê. 'n Nuwe betrekking, 'n nuwe huis, nuwe vriende, 'n nuwe skool of die begin van die universiteitslewe nadat jy jou skoolloopbaan voltooi het.

Kortom: **Nuwe Jaar = Nuwe Geleenthede!**

Dit is wat ons besluit het om as vandeesmaand se tema te kies.

Maar kom ons vergeet dan nie wat eintlik belangrik is nie! In Spr. 3:5 & 6 gee Salomo raad as hy sê: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou op die regte pad laat loop".

As daar nou een geleentheid is wat ons almal kan aangryp, is dit om ons verhouding met die Here te verdiep! Baie van ons Nuwejaarsvoornemens vervaag binne enkele dae nadat die nuwe jaar aangebreek het, maar laat ons deur gereelde Bybelstudie, kerkbesoek, gebed en sang om die Here te eer, nie verslap nie.

In Jes. 55:6 staan daar: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is". Mag dit dan die belangrikste geleentheid vir 2025 wees!

Ons wil dus al ons lesers 'n voorspoedige nuwe jaar toewens en mag julle die nuwe geleenthede wat op jul pad kom met groot entoesiasme en in oorleg met ons Here aanpak.

Onthou asseblief dat ons graag tweerigtingkommunikasie met ons blad wil aanmoedig. As jy dus graag 'n gedagte wil opper, hier is hoe jy dit kan doen:

- Stuur 'n **WhatsApp** na ons Kerkkantoor by **079 162 3453.**

- Skryf 'n brief aan die redaksie by **fontein@annlin.co.za.** Ons plaas graag jou briefie in die briewekolom.

# Woordoordenking: Nuwe Jaar – Nuwe Geleenthede

## Lees: Matteus 28:20

**Jy sal nooit alleen wees nie.**
Ons weet nie wat 2025 vir ons inhou nie, maar ons weet Wie saam met ons die pad gaan loop.

As jy net elke dag kan onthou Wie by jou is, sal jy nie bang, moedeloos of wanhopig word nie.

Wie is Hy? Hy is ons Almagtige Here, God by ons deur sy Gees. Die gekruisigde en opgestaande Here gee self aan sy dissipels (en aan ons) die versekering dat Hy elke dag by hulle (en ons) sal wees en aan hulle (en ons) volhardingskrag sal gee.

**Jy sal nooit sonder hulp van Bo wees nie.**
Ons weet mos waar ons hulp vandaan kom; van die Here wat die hemel en die aarde geskape het, en ons in Sy hande het. Ons kan soos Dawid in Ps. 118:7 jubel: "Die Here is by my, Hy help my ..."

**Jy sal goeie en slegte dae beleef.**
Daar sal genotvolle dae, maar ook beproewende en uitdagende tye wees. Hy gee 'n nuwe jaar vol Sondae, weeksdae, verjaarsdae, vakansiedae, besige en stiller dae, vreugdevolle kuierdae, maar ook verlangdae. Hy weet wat vir ons voorlê. Hy sal sorg dat alles ten goede meewerk, vir die wat Hom lief het (Rom. 8:28).

**Jy sal nuwe geleenthede kry.**
Hy sal deure oopmaak vir hulle wat vra. Hy sal Sy seën oor ons gebied. Daar sal nuwe geleenthede kom om van Hom te getuig en om goed te doen aan ander. Daar sal opwindende dae kom, oorwinnings in Sy krag, waarvoor Hy al die eer moet kry. Die Here se genade is elke more nuut (Klaagl. 3 :23).

Dankie Here dat ons altyd op U kan vertrou.

Ons sien uit na nog 'n jaar saam met U en ons medegelowiges.

Amen

**"En onthou, Ek is by julle, al die dae tot die voleinding van die wêreld."**

# Reis lig in die nuwe jaar

Voor ons 'n reis aanpak, besluit ons waarheen ons gaan, waar ons gaan bly en hoe ons daar gaan uitkom. Ons beplan ons bagasie sodat dít wat ons inpak, by ons bestemming, die doel van ons reis en die beskikbare spasie pas.

Ons staan vandag op die drumpel van 'n nuwe jaar en almal is besig om te besin oor die jaar wat uitgestrek voor ons lê en om doelwitte vir die jaar op te stel. Tog is ons ook bekommerd oor wat moontlik kan gebeur.

Gedurende die nuwe jaar gaan ons weer met uiteenlopende uitdagings gekonfronteer word. En hoewel ons dit in gedagte hou, slaan die gebeure soms tog ons voete onder ons uit. Wat die pad nog moeiliker maak, is die bagasie wat ons met ons saamsleep.

Hoe swaarder ons sleep aan die skuldgevoelens van die verlede, die onvergenoegdheid van die hede of die bekommernisse van die toekoms, hoe moeiliker is die reis, hoe harder val ons en hoe moeiliker staan ons op.

Die oplossing is eenvoudig. Sit nou jou bagasie neer en pak dit uit. Dit is tyd om van die oortollige bagasie wat stremming op jou rug plaas, ontslae te raak. Hierdie gedagtes maak jou dalk bang. Jy is moontlik nie lus om met die swaar items wat jy saam met jou dra, gekonfronteer te word nie – dis tog al so deel van jou lewe.



'n Geestelike voorraadopname is egter die enigste manier om van die jaloesie, woede, onvergenoegdheid, ontevredenheid, haat, hartseer, liefdeloosheid of bitterheid ontslae te raak.

Raak vir 'n rukkie stil en kyk na jou lewe deur 'n goeie vergrootglas. Vra die Here om jou toe te rus met goeie interne visie, onderskeidingsvermoë, insig, eerlikheid en dapperheid. Bepaal dan wat jy saam met jou wil vat op die reis die nuwe jaar in en wat jy moet weggooi omdat dit jou verhinder om met 'n ligte hart te leef.

Alles wat skeiding maak tussen jou en die Vader moet uitgegooi word. Alles wat nie tot seën is nie, is 'n las. In Luk. 9 kry ons goeie raad: Reis lig. Pak eenvoudig. Raak van die onnodige ontslae.

Vertrou op die Here. Vra na die wil van God in alles wat jy doen en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Luister na God - Hy sál die regte pad vir jou wys.

# Span jou in!

## Lees Fil. 3: 1-16

Jy en ek leef elke dag in 2025 tussen my doop en my dood. My doop is daardie dag wat ons Here my gegryp het, gesê het dat ek aan Hom behoort, wat dus die dag van my doop is of die dag wat ek deur die Gees gedring is om uit te roep: "My Here en my God".

My dood dui op daardie dag wanneer ek die hemelse wenstreep behaal, wat gebeur as ek óf hier op aarde sterf óf Jesus terugkom.

Tussen my doop en my dood het ek egter nog nie die wenstreep behaal nie. Ek doen nog nie nét wat vir Jesus belangrik is nie, ek laat my nog nie nét deur Jesus definieer nie, Jesus is nog nie my énigste bate nie.

Néé, ek is 'n produk-in-wording, 'n groeiende Christen!

Daarom is dit nodig dat jy en ek in 2025 saam met Paulus sê: "Ek span my in ...". Ek wíl in my geloof groei en daarom draf ek soos 'n Comrades-atleet uur na uur.

Ek wíl en sál by die eindpunt uitkom, al meer nuwe mens-wees en Christus-gefokus leef.

Daarom gebruik ek aktief-g(G)eesdriftig elke geleentheid die beste en lê ek my nog meer daarop toe om uit, deur en vir Jesus te leef!



Hoe doen ek dit prakties in 2025?

1. Ek kyk eerlik na my lewe, na my eie menswees en erken: Groei is nodig!
2. Ek los gister se suksesse én mislukkings agter my. Gister se kos-gee-vir-die-bedelaar én gister se ek-het-my-geduld-verloor bepaal nie wat ek vandag doen nie.
3. Ek beplan doelgerig wat ek gaan doen om geestelik te groei en ek bid dat die Gees in my sal werk.
4. En ek doen dit nóú! Geen uitstel, geen verskoning, geen bedroef van die Gees nie.

Mag jy en ek wat geestelik volwasse is, wat besef dat ons nog moet groei, in 2025 ons inspan om te groei!

# Is my Nuwejaarsvoornemens volhoubaar?

2025

’n Nuwe jaar is vir baie van ons die geleentheid om nuwe dinge te begin. Dit kan vele vorme aanneem en is gewoonlik almal verdienstelik. Sommige hou verband met ’n gesonder leefstyl. So sien ons dan ’n groot toename in nuwe lede by die gimnasium, verslankingsklubs, ens. Ander is weer gemik op beter prestasie op skool, universiteit en hulle werksomgewing.

Ongelukkig is baie van hierdie voornemens teen die einde van Januarie reeds besig om af te plat.

**Hoekom?**

Is dit ’n gebrek aan deursettingsvermoë of motivering of was dit dalk bloot te idealisties? Is dit gegrond op ’n soeke na eie bevrediging? Wil ek byvoorbeeld gewig verloor omdat ek iemand se aandag wil kry of is dit omdat ek my liggaam as ’n tempel van God beskou en dit daarom gesond wil hou?

’n Nuwejaarsvoorneme hoef natuurlik ook nie altyd iets te wees wat jy nuut wil aanpak nie, maar dit kan ook iets wees waarmee jy wil breek. ’n Slegte gewoonte of ’n sonde wat jou verhouding met God en jou medemens benadeel, is ’n voorbeeld.

**Hoe kan ek seker maak my Nuwejaarsvoornemens gaan suksesvol wees?**

Maak seker jou motiewe is suiwer en daarop gemik om uiteindelik God se wil in jou lewe te vervul. As dit daarop gerig is om jou verhouding met God te verinnig deur die bereiking van jou voornemens, kan jy ook tot God daaroor bid. Dan is hierdie Nuwejaarsvoorneme volhoubaar.

Maar dan, as jy só daarna kyk, hoef dit nie noodwendig ’n Nuwejaarsvoorneme te wees nie, maar kan jy enige dag van die jaar hierdie voorneme maak – en dit sal slaag.

**Ons moet onthou:**
**“Die hart van ’n mens beplan sy pad, maar die Here bepaal sy voetstappe.” Spr. 16:9**

# Ons het mekaar nodig en dien mekaar

Is jy en ek net toevallig deel van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin? Beslis nié!

Ons Here stuur tog ons elkeen se lewe! Daarom hóórt ons hier, want dit is waar ons Here ons geplaas het. En omdat ons hier hoort, kan jy en ek nie sonder mekaar lewe nie.

Die Gees deel naamlik aan elkeen van ons een of meer geestesgawes uit, soos HY dit wil (1 Kor. 12:11):

- Die Gees gee vir Jannie die gawe om te dien, om tant Sannie raak te sien wat nie meer self kan bestuur nie en haar dan elke week te gaan oplaai om aan die erediens deel te neem en soms in die week om 'n melkskommel te gaan drink.
- Die Gees gee vir Sarie die gawe om te vertroos, om met liefde na die veertigjarige Susan te kyk wie se man oorlede is en om net 'n arm om haar skouer te gaan sit en met haar te gesels oor Jesus se troos, sélfs in hierdie diep seer!
- Die Gees gee vir Jan die gawe om te kan leer, om met huisgodsdiens die Goeie Nuus so treffend aan sy dogtertjie, Karien, oor te dra, dat sy uitroep: "Ek is lief vir Jesus!".

Maar nou gee die Gees ons hierdie gawes tot voordeel van almal (1 Kor. 12:7).

Jannie, Sarie en Jan kry nie hul geestesgawes om hulself op te bou en in die geloof te versterk nie. Néé, die Gees rus hulle toe om tant Sannie, Susan en Karien te help om dieper in die Here se genade in te groei en vol verwondering voor die Here te leef.

Ék kan dus nie sonder jou en jý kan nie sonder my lewe nie. Ons hét mekaar nodig.

Mag ons mekaar dien met die Gees se gawes, gedring deur Jesus se liefde!



# Gebedsbediening:
# Aktuele sake waarvoor ons bid:
# Januarie 2025

- **Gebrek aan ware gebed - die waarde van toegewyde gebed en tyd om te bid.**
  - As ons met hart en verstand bid, verkeer ons in die teen-woordigheid van die lewende God. Gebed is nie 'n lys van versoeke nie - dit is volle oorgawe van ons wil aan die volmaakte wil en raadsplan van God. As ons in Gees en Waarheid bid, kry ons toegang tot die gawes van die Heilige Gees – die onuitputlike SKATKAMER van die Almagtige God. Hy kan, wil en sal vir ons gee wat ons van Hom vra as ons volgens Sy wil bid (Ef. 16–23).

- **'n Godvresende samelewing wat Hom eerste stel**
  - Leef jy in 'n innige verhouding met God en beleef jy vrede in jou hart omdat jy jou Meester Jesus Christus met hart en siel liefhet en Hom volg? Baie mense soek na geluk op die verkeerde manier en plekke, want hulle begeer aardse besittings en rykdom wat dan belangriker word as hul verhouding met die Here. Dit ontneem hulle hul lewensgeluk en -vreugde. Aardse skatte bring geen permanente geluk nie. "Julle kan nie God én Mammon dien nie". (Mat 6:24).

    Dit is natuurlik nie verkeerd om ook aardse seëninge (insluitend welvaart) te beleef nie, solank ons altyd sal besef waarvandaan dit kom en Wie jou seën. Ons moet vir ons hemelse skatte versamel. (Mat 6:20). Kom ons bid vir 'n samelewing wat God eerste stel in hulle lewe en alle aardse seëninge dankbaar uit die hand van die Here ontvang.

- **Erediensbywoning**
  - Kom ons bid dat die Here ons gemeente getrou sal maak in hul erediens-bywoning. Heb. 10:25 en Jes. 58:13 moedig ons aan om na die samekomste van die gemeente te gaan en verduidelik hoe die rusdag deurgebring moet word. Daar staan: "... as jy die heilige dag van die Here in ere hou deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie en nie handel te dryf nie, sal jy vreugde vind in die Here."

# Gebedsbediening: Aktuele sake: Januarie 2025 (vervolg)

- **Aardverwarming, droogte en natuurrampe**
  - God het die hemel en die aarde geskape en Hy het gesien dat dit goed was. Hy het die mens aangestel om dit te versorg (Gen. 1: 28–30). Aardverwarming met die gevolglike droogtes en natuurrampe is 'n simptoom van verwaarlosing van God se skepping. Kom ons bid dat ons as gelowiges ware rentmeesters van Sy skepping sal wees en Sy skepping met sorg sal oppas.

- **Korrupsie, geldgierigheid en misdaad.**
  - Elke dag hoor en beleef ons korrupsie, uitbuiting, diefstal en geldwassery in ons eie geledere. Soms is ons selfs die slagoffers! Dit is nie iets nuuts nie. Veral in Suid-Afrika is die misdaadsyfer baie hoog. Hoe moet ons as gelowiges hierop reageer? In Tit. 3:14 staan daar "Ons mense moet ook leer om met eerlike werk in die noodsaaklike lewens-behoeftes te voorsien". Kom ons bid vir 'n eerlike regering en samelewing wat mekaar se besittings respekteer.

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer.

Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Kersliedere by Kerslig



Ons jaarlikse Kersliedere by Kerslig op 24 Desember was oudergewoonte 'n heerlike geleentheid. Teen laatmiddag het die reën 'n bietjie opgeklaar en kon ons in die buitelug die grasperk voor die kerkgebou gereed maak.

Lidmate, oudlidmate en selfs voornemende lidmate het met feestelike piekniekmandjies die tafels kom vul. 'n Paar mense uit die gemeenskap, sommige nou al bekendes by die geleentheid, het ook weer hul opwagting gemaak.



'n Lidmaat van Gereformeerde Kerk Vaalwater het vroeër die kennisgewing op die heining raakgelees en ook besluit om by ons aan te sluit voordat sy haar bejaarde moeder op Kersdag sou besoek.

Dit is altyd lekker om uit die gejaag en geraas van die wêreld te kan ontsnap en stil te kan raak terwyl ons God loof en tot eer van Hom liedere oor die Kersgebeure sing.





# Willem le Roux se koortoer in die buiteland

**"Dit was 'n ervaring wat ek nie gou sal vergeet nie,"** was Willem le Roux se woorde nadat hy die vakansie die voorreg gehad het om Duitsland, Nederland en België te besoek.


Willem is reeds 'n jaar lank 'n lid van die Magaliesberg Jeugkoor. Die koor het van 12 tot 28 Desember die koue Europa verken. Met die Suid-Afrikaners wat nie die Europese winters gewoond is nie, het die toer gelukkig begin met die uitdeel van warm baadjies, beanies en winterstewels, waarna hulle sommer dadelik by 'n kersmark in Aschaffenburg gaan optree het.

Die eerste vier aande het hulle by 'n gasvrye Duitse familie tuisgegaan. Daar het hulle geleer dat kommunikasie in 'n vreemde taal nie so maklik is nie en het soms op Google Translate staatgemaak. Op 'n vraag oor wat die Duitsers vir ete voorsit, het Willem vertel dat hulle een aand spagetti uit blikkies gekry het – en die krag was nie eens af nie!

In klappertand temperature van tot -2°C het die koor verskeie besienswaardighede tussen hulle optredes by kerke en markte besoek. 'n Besoek aan die Wertheim-kasteel en 'n glasfabriek het uitgestaan. Willem het ook met 12 rubbereendjies ryker na Suid-Afrika teruggekeer. Hulle droom om sneeu te sien, het ongelukkig nie waar geword nie.

Oor 'n noue ontkoming vertel Willem dat hulle een aand laat, na 'n optrede, met die bus in 'n smal stegie beland het: tussen 'n konstruksieterrein en 'n yskoue rivier ... in 'n eenrigtingstraat ... in die verkeerde rigting! Met verkeer van voor moes die busbestuurder met 'n dubbeldekkerbus in trurat uit die stegie kom. Willem is steeds onseker of die busbestuurder so sleg bestuur het om hulle daar in te kry, óf so goed, aangesien hy hulle weer daar kon uitkry!







# 2025: 'n Nuwe jaar om ons jeug te begelei!

Met elke doopgeleentheid in ons gemeente onderneem ons as medegelowiges om by ons gemeente se kinders betrokke te wees. Deel van ons gesamentlike betrokkenheid is om doelmatig saam te werk in die geloofsvorming van ons kinders en jongmense. Daarom is daar in 2024 indringend gesels oor waarheen ons met die kategese en verdere bediening van ons kinders en jongmense op pad is.

Uit hierdie gesprekke het die kernfokus van ons jeugbediening na vore gekom:

**Ons wil ons jongmense begelei om geloofsvolwasse te word.**

Ons omskryf dit verder as:

"Ons wil ons jongmense begelei om oortuig te wees dat Jesus hulle reeds Syne gemaak het en om daarom hulself vir die res van hul lewe aan Jesus toe te wy - op 'n lewensreis wat nie 'n vakansie is nie, maar wel 'n doelgerigte oorlog."


Teen hierdie agtergrond gaan ons graad 1 tot 8 kinders in 2025 'n gefokusde program van kategese en drie of vier huisgodsdiensgeleenthede per week deurwerk. So help ons met ons jeugbediening die ouers om hul kinders te begelei om op Jesus se vraag: "Maar julle, wie, sê julle, is Ek"? persoonlik te kan antwoord: U is ... My Here, en my God!

Met ons graad 9 tot 11 kinders fokus ons, as die Here wil, hierdie jaar op hul daaglikse praktiese lewe (die Tien Gebooie) en ook op hul gebedslewe (die Onse Vader). Ons aanderedienste gaan elke Sondag wat daar kategese is, by hierdie fokuspunte aansluit, juis sodat ons almal saam hierin kan groei én met mekaar hieroor kan gesels.

Op die eerste Sondag van die nuwe skoolkwartaal gaan ons met ons kinders en jongmense, saam met hul ouers, 'n bespreking hê oor hoe om hulle verder te help om tot diens te kom en saam met mekaar te leef.

Intussen bid ons vir elke kind in ons gemeente:

"Mag ons Here julle al meer uit Jesus laat leef!"



# Kerkfinansies



Die finansiële jaar nader sy einde op 28 Februarie en dit is nodig dat ons as gemeente met verantwoordelikheid na die stand van die gemeente se finansies kyk. Op 30 November 2024 het die kerk se finansies as volg daar uitgesien:

| INKOMSTE/UITGAWES: WERKLIK VS BEGROOT NOVEMBER 2024 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | MAAND | | JAAR TOT DATUM | |
| | Werklik | Begroot | Werklik | Begroot |
| **Inkomste** | * | * | * | * |
| **Uitgawes** | * | * | * | * |
| **Surplus of (tekort)** | ** | ** | ** | ** |

Teen einde November was daar nog tekorte. Aangesien die Kerkkantoor nog toe is, kon die staat soos op 31 Desember 2024 ongelukkig nie voorberei word nie.

Soos in verlede maand se Fontein verduidelik, staan die Evangelisasie-rekening nog los van die kerkrekening en die Kerkraad het reeds besluit om die twee rekeninge ten opsigte van verslagdoening te integreer.

Dit kan egter eers gedoen word aan die begin van 'n nuwe finansiële jaar. Op 31 Desember het die stand van die Evangelisasie-rekening as volg daar uitgesien:

# Kerkfinansies (vervolg)

| INKOMSTE/UITGAWES: WERKLIK VS BEGROOT DESEMBER 2024 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | MAAND | | JAAR TOT DATUM | |
| | Werklik | Begroot | Werklik | Begroot |
| **Inkomste** | * | * | * | * |
| **Uitgawes** | * | * | * | * |
| **Surplus of (tekort)** | ** | ** | ** | ** |

Op die oog af lyk dit nie te sleg nie en blyk dit dat die Evangelisasierekening met surplusse eindig wat werklike inkomste en uitgawes betref.

As dit egter in ag geneem word dat die werklike inkomste uit die beleggingsrekening van die Evangelisasiekommissie aangevul moes word, dan lyk die prentjie nie so rooskleurig nie.

Dit beteken dat die werklike uitgawes eintlik die werklike inkomste oorskry het as die aanvulling uit die beleg-gingsrekening nie as 'n inkomste beskou word nie.

'n Beroep word op al ons lidmate wat agterstallig geraak het met hul bydraes gedoen om, indien binne hul vermoë, hul bydraes op datum te bring. Dit sal wonderlik wees as beide die kerk se rekeninge die finansiële jaar sonder tekorte kan afsluit.



# Ons leer ken ...

Gedurende die afgelope tyd het tannie Fransie van Rooyen deel van ons gemeente geword; daarom wil ons graag vir haar welkom sê.

Tannie Fransie van Rooyen kom oorspronklik van die Krugersdorp-omgewing waar sy ook haar man, Gys, by die Jeugvereniging (die JV) ontmoet het. Hulle het eers in Capitalpark gebly en toe na die Annlin-omgewing geskuif en so ook een van die stigterslede van ons gemeente geword. Tannie Fransie was vir baie jare aan en af deel van ons gemeente, maar keer nou na 10 jaar weer terug na ons.

Tannie Fransie het as sekretaresse gewerk, terwyl oom Gys in die weermag was. Sy het drie seuns: Neels wat oorlede is, Johan wat pas afgetree het en in Johannesburg woon (dit is vir haar nogal erg om te besef haar seun is ook al afgetree!) en Bertus wat in Engeland woon. Sy het vyf kleinkinders.

Tans woon sy in die versorgingseenheid by Zambesi Aftreeoord, 'n kamer of twee weg van tannie Betsie du Plessis wat ook in ons gemeente is. Tannie Fransie neem aan ons gemeente se eredienste deel deur by oom Jan en tannie Hannie Bedford die uitsendings te volg. Haar sussie, tannie Petro Venter, gaan kuier gereeld by haar en help haar met baie van haar inkopies en uitstappies.

Tannie Fransie, welkom by ons en mag jy in 2025 saam met ons ons Here Jesus van harte dien!



# Kollig op die Staande Administrasie- en Kommunikasiekommissie

Al gewonder wat die onderskeie kommissies en diensgroepe in die gemeente doen?

Die Staande Administrasiekommissie is tydens die Kerkraadsvergadering op 16 Oktober 2013 ingestel. Die aanvanklike opdrag was om die nuwe kerkkantoor te vestig en funksionarisse aan te stel sodat administratiewe dienste meer doeltreffend uitgevoer kan word en die kommunikasie binne die gemeente kan verbeter.

Dié kommissie bestuur die dienste wat deur onder meer die administratiewe beampte, tuinier en skoonmaakster van die kerk uitgevoer word. Dit sluit take in soos kerk-administrasie, persoonlike hulp (assistent) vir predikant(e), sekretariële werk binne die kerk en skakeling met funksionarisse, lidmate en die publiek.

Die kommissie fokus op nuwe geleenthede om waarde tot die woordbediening in ons gemeente toe te voeg.

Die kommissie kyk ook na die bestuur van die fasiliteite. Dit is veral nodig met twee gemeentes wat dieselfde gebou deel.


Derdens bestuur die kommissie ook die kommunikasiebeleid wat 'n invloed het op die inhoud van al die gemeente se kommunikasiekanale, te wete Whatsapp, die weeklikse nuusbrief, die nuwe maandblad asook die webwerf en Facebookblad.

Die weeklikse flitsborde saam met die internetuitsaaidienste val ook onder die kommunikasiefokus.

Verdere beleidsaspekte waarna omgesien word, is die nakoming en implimentering van die Protection of Personal Information Act (POPI)-wet wat lidmate se privaatheid en persoonlike inligting beskerm. Ds. Pieter Kurpershoek is ons rekenpligtige beampte en oudl. Johan Rossouw is die IT-beampte (Inligtingstegnologiebeampte).

Oudl. Johnny Beumer staan aan die stuur van kommunikasie en is ook die redakteur van die nuusbrief. Sr. Magda du Toit is ook deel van die nuusbrief se redaksiespan en bestuur die kerk se Facebookblad. Oudl. Johan Rossouw en diak. Petri Venter is die IT-spesialiste, met diak. Dirk Theron wat die direkte kerkdiensuitsendings via YouTube en opnames vir aanddienste deur Kerk-dienstgemist hanteer. Oudl. Gert Britz is die sameroeper van die Staande Administrasie- en Kommunikasiekommissie. Hy hanteer die kerk se personeelsake en bestuur die fasiliteite.

Kinderhoekie





# Vervolgverhaal:
# Mia se mannewales - Deel 3

My bors brand toe ek uitasem by die huis aankom. My hond hardloop, opgewonde om my te sien, na die tuinhekkie toe. “Aggenee!” kreun ek. Die laaste ding wat ek nou nodig het is ’n verwelkomingskomitee.

Ek maak die hekkie oop en hardloop by my hond verby reguit voordeur toe. Tot my vebasing is die deur oopgesluit. Met ’n skok besef ek: vandag is my ma se af dag.

Sy kom uit die kombuis geloop om te kom kyk hoekom die hond so tekere gaan. In plaas van ’n inbreker sien sy my en ... natuurlik met die groen jelliegedoente in my arms! Hy lyk verbouereerd.



“Mia, in watter gemors het jy hierdie keer beland? Hoekom is jy nie by die skool nie? En wát is dáái?” Sy wys na die gedoente net soos Juffrou Amanda vroeër.

Anders as Juffrou Amanda, val sy gelukkig nie flou nie. Sy loer nuuskierig na die mannetjie in my arms. My hond snuif-snuif al om my.

“Kom ons gaan in en dan vertel jy my die héle storie,” sê my ma met ’n sug. By die kombuistafel vertel ek haar van my ontdekking toe ek by die skool aankom en die gebeure daarna. “En nou gaan die DBV die gedierte soek en jy het hom by jou,” sê my ma bekommerd.

Sy draai toe na die groen jelliemannetjie. “Waar kom jy vandaan?” vra sy belangstellend.

“Mars. Ek kom van planeet Mars en nou is ek hier. Waar hier ookal is.” “Jy is op planeet Aarde. Dis waar ons mense bly,” verduidelik my ma. “En ek is ’n wetenskaplike.

Ons sal een of ander plan kan maak om jou terug by jou huis te kry.”

# Jongmensjolyt

## Lag 'n slag ...



Jannie stap by sy nuwe juffrou se klas in.

"Daar is twee dinge waaroor ek baie streng is," val die juffrou sommer met die deur in die klas.

Die eerste ding waaroor ek baie streng is, is dat die klas altyd skoon moet wees.

Het jy jou voete aan die deurmatjie afgevee voordat jy by die klas ingekom het?"

"Ja, Juffrou," antwoord Jannie.

"Die tweede ding waaroor ek baie streng is," sê sy, "is dat kinders altyd eerlik moet wees.

Daar is nie 'n deurmatjie voor my klas se deur nie."



Kleuterpret

# Lees 1 Korintiërs 13

Wat is ware liefde? Die Bybel sê: Al deel ek alles wat ek het aan ander uit, maar ek doen dit sonder liefde, beteken dit niks. Die liefde is geduldig en vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. As mens lief is vir ander mense, dink mens nie net aan jouself nie en is mens nie liggeraak nie. Mense wat vir mekaar lief is, hou nie boek van die kwaad nie. Kom ons leef so in 2025.



# Kain en Abel

**Lees Genesis 4 vir die kinders.**

Ná die Sondeval en nadat Adam en Eva uit die tuin van Eden moes gaan, het hulle twee seuns, Kain en Abel gehad. Kain het met graan geboer en Abel met vee. Die twee broers het offers aan die Here gebring om dankie te sê. Die Here het egter Kain se offer verwerp omdat dit nie opreg was nie. Kain was jaloers op Abel en het hom doodgemaak.

Sleutelpunte van die gedeelte:

- Ons moet aan God gehoorsaam wees.
- Ons kan nie vir God lieg nie.
- Ons moet ons broers en susters liefhê.
- Ons moet met mooi, sagte en opregte harte leef.





Copyright ©Sermons4Kids | All Rights Reserved | www.sermons4kids.com

## Briewekolom

# ’n Skrywe vanaf die Redakteur

Ons wil weereens ons lidmate aanmoedig om ’n brief vir die briewekolom te skryf. Ons wil graag met die blad tweerigting-kommunikasie bewerkstellig en ook kennis neem van ons lidmate se menings.

Die briewe kan oor enige onderwerp wees en sluit nie net julle menings oor die artikels in wat in die maandblad gepubliseer word nie. Die briewe moet egter van goeie smaak getuig en is onderhewig aan keuring deur die Redaksie.

Voel ook welkom om onder ’n anonieme naam te skryf. Dit sal dan wel nodig wees dat ten minste die Redaksie sal weet wie die brief geskryf het.

Stuur jul briewe asb. aan fontein@annlin.co.za.

Geagte Redakteur

Hiermee wil ek namens die hele Sliep-familie my waardering betoon vir die wyse waarop ds. Pieter Kurpershoek die sterwensbegeleiding van Albert gedoen het. Dit was geweldig vertroostend dat hy die meeste van die laaste 30 uur van Albert se lewe op aarde pal by sy bed was en ons as familie bemoedig het. Hy het geen moeite ontsien nie. Ons het ook groot waardering vir die wyse waarop hy die teraarde-bestelling en troosdiens gelei het.

Ook wil ons baie dankie sê aan al die gemeentelede wat in dié tyd ons so ondersteun het met oproepe en boodskappe en ook die troosdiens bygewoon het. Ons het werklik julle liefde aangevoel en ons het besef ons is deel van ’n groter geloofsfamilie. Dit het vir ons so baie beteken.

Baie dankie ook aan die Susters wat die verversings so keurig versorg het. Ons waardeer dit baie.

Marga Sliep

# Brief van ds. Attie

Geagte Redakteur


Ek deel graag hierdie paar gedagtes oor ou en nuwe dinge met alle liefde aan al my broers en susters van Pretoria-Annlin Gemeente.


In 2024 kon die Bruidsgemeente Pretoria-Annlin – soos tevore – Christus sigbaar in die wêreld wees. Met baie ou en beproefde gebruike kon ons Hom bedien aan lidmate, vriende van ons gemeente en besoekers. Namate ds. Pieter die gemeente deurgekyk en leer ken het, is daar deur sy leiding en die inspirasie van die Heilige Gees nuwe en nodige bedrywighede gebore wat ons nog meer kan laat skitter tot eer van ons Here.

As ek een hiervan mag uitlig, dan is dit die saamkuier en koffiedrink na die aanddiens. Dit gebeur dat ons soms 'n oggenddiens misloop en daarmee saam ook die saamkuier wat vir die gesonde welwese van 'n gemeente onontbeerlik is.

As ons persoonlike programme so loop dat ons bykans net aanddienste kan bywoon, gaan hierdie "kuier-bediening" verlore en is daar 'n faset van ons geestelike lewe wat onderontwikkel bly. Dit beïnvloed die hele gemeente se effektiwiteit in diens van die Koning van die kerk, want dit is God se bedoeling dat ons mekaar bemoedig en versterk.

In ons gejaagde lewens, kan ons nie toelaat dat ons hierdie begeerte van ons Here verwaarloos nie omdat dit Hom tot oneer strek. My bede is dat ons hierdie geleentheid sal aangryp as 'n teken van Sy liefde vir ons om mekaar te dien en dit nie sal sien as 'n menslike poging om ons kerklik "betrokke" te kry sodat ons goed sal lyk nie. Baie seën in u kerk-wees hierdie jaar.





# Briewekolom

Geagte Redakteur

Ons hoor dikwels dat ons land se mense besig is om te vergrys. Kommer word dan dikwels uitgespreek omdat daar meer mense is wat sorg nodig het en sulke mense bied minder stimulasie om die ekonomie aan die gang te hou.

Is dit ook die geval binne die Annlin gemeente? Ja, die vergrysing is sigbaar, Sondag vir Sondag is ons kerkgebou gevul met grysaards.

Wat beteken dit vir ons gemeente?

’n Gemeente met grysaards behoort ’n geseënde gemeente te wees. Lees maar Psalm 92:15 (2020 vertaling). In die gryse ouderdom gedy hulle nog steeds; hulle is weelderig en blaarryk...


En wat van Spreuke 20:29 (2020 vertaling)? Die roem van jongmanne is hulle krag, en die luister van ou mense is grys hare. Die woord “luister” beteken hier “dit straal iets uit”, vir ander om te sien en bekoor.

Mag hierdie woorde ’n stimulant wees om die senior bybelstudie by te woon, waar ons op ontspanne wyse in die waarhede van God se woord delf.

Koos Vierbergen

(Senior Bybelstudiebyeenkomste vind elke tweede Dinsdag plaas in die oggende om 09:30 – Red.)





VRUGTE @ RENATE
Gevriesde vrugte: verskeidenheid / kg
Kontak Renate: 082 443 7081

SR. RENATE WANNENBURG
WONDSORG / WOUND CARE
Tel nr. 802 443 7081
Practice nr 0214876
332 Fred Nicholson Avenue, Mayville



Canon Pixma MX494
Drukker
Maak 'n aanbod vir
Bybelverspreiding
Stuur aanbod aan
fontein@annlin.co.za

# Het jy geweet?

Kortste vers:
1 Tessalonisense 5:17 ("Bid gedurig")

Kortste hoofstuk: Psalm 117
Langste hoofstuk: Psalm 119
Middelste boek: Miga
Langste boek: Psalms
Kortste boek: 2 Johannes

## Vinnige feite oor die Bybel

[Bron: Kruispad-tydskrif, 11 Julie 2016]

Langste vers:
Ester 8:9 (87 woorde)



**Pastorale Beradingskursus**
**Woede as 'n destruktiewe mag – Pastorale perspektiewe**
**Dinsdag 4 Februarie 2025 - Zoom aanbieding**
**Prof Wentzel Coetzer**

Wentzel Coetzer
Pastoral Consultant

Woede kan 'n skrikwekkende emosie wees, veral indien ek binne 'n milieu opgegroei het waar ek nie toegelaat was om dit te ervaar of te verbaliseer nie. Die vrees is gevolglik deurgaans daar dat sou ek die woede erken, dan sal dit die lawa-vure ontketen van 'n vulkaniese uitbarsting wat kan uitloop op vernietigende chaos. Ek sal dus beheer verloor, en dit moet ten alle koste vermy word - daarom werk ek eerder hard om die emosies te onderdruk en seker te maak die deksel is dig geseël! In sulke gevalle is depressie heel dikwels een van die algemene gevolge.

Teen hierdie agtergrond word daar in hierdie kursus vanuit 'n multidissiplinêre benadering op hierdie emosie gefokus. In hierdie verband is die beradene se persoonlike verhaal van deurslaggewende belang omdat daar ver terug in die verlede reeds onreg en verliese sou kon plaasgevind het wat nooit hanteer was nie – uiteindelik kon dit dan die vuur gestook het van 'n smeulende vulkaan. As deel van die voorgestelde multidissiplinêre begeleidings-model word daar in besonder ook gefokus op die helende effek van pastorale berading, en word daar aanvullend hiertoe 'n groot aantal riglyne en merkers vanuit verskillende dissiplines uitgespel waarvolgens die verwoestende potensiaal van hierdie emosie getem en onder beheer gebring kan word.

Die kursus is oop vir almal
**Datum:** Dinsdag, 4 Februarie 2025.
**Tyd:** 09:00–13.00
**Akkreditering:** 5 x VBO punte – 5 x CPSC punte – 5 x AFM PCD punte
**Koste:** R275 pp
**Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 koerier-koste)
**Navrae:** 083 660 0409 of e-pos: wentzelc@gmail.com
**Om te bespreek vir die kursus:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie:
https://forms.gle/2GoE56NrEwsGWvyN6

**Volg die kursus op 'n later datum:**
Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om op enige latere datum weer die kursus te kan volg.

# Blokadvertensies






# Blokadvertensies

## Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angsversteuring of verslawing?
Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



## Jaarprogramme

'n Jaarprogram is beskikbaar vir elke huisgesin of besoekpunt Indien u nog nie u jaarprogram ontvang het nie, kontak asb. u ouderling.




**Aandag alle oud-lidmate en lidmate van**
Gereformeerde Kerk **Buffeldoorns**

## ONS WORD 50!

Om dit te vier wil ons graag 'n gedenkalbum saamstel, maar daarvoor kort ons jou hulp!

As jy enige foto's, staaltjies en sommer net geskiedenis het wat jy kan deel, stuur dit aan ons deur kontak te maak met **Sr. Amanda Cilliers** by **082 714 0992** of **Sr. Charléne Venter** by **076 821 4413**. Vir enige ander inligting, kontak **Ds. Erasmus Venter** by **066 205 8190**.




Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: